Weekbrief 08/2019

1 Maart 2019

GESTIG 1870

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

CEIE

Februarie/Maart Toetsreeks

Die leerders (gr 7-12) is vanaf Maandag, 25 Februarie 2019 besig met die Februarie/Maart Toetsreeks.

In week 2e sal vanaf Maandag tot Woensdag toetse geskryf word.

In die 3e week sal op Dinsdag en Woensdag toetse geskryf word.
Geen Saalbyeenkoms en Algemene Kennis sal plaasvind tydens die toetsreeks nie, behalwe Maandag 11 Maart.
Religie sal nie voortgaan gedurende die toetsreeks nie.
Die kwartaal word afgesluit op Vrydag, 15 Maart met die laaste saalbyeenkoms.
Geen huiswerk of take mag vir die middag voor 'n toetsdag gegee word om tuis te doen nie.

Ons herinner u daaraan dat u kind geen SBA toets of aktiwiteit mag mis sonder die korrekte kanale gevolg en dokumentasie ingehandig nie.

Die beleid is beskikbaar aan elke ouer by die kantoor sodat u uself kan vergewis van die implikasies van afwesigheid.

Ons maak staat op ons ouers se samewerking.

HSP BEHEERLIGGAAM

Met groot spyt neem ons afskeid van mnr WG Treurnicht as Voorsitter en Beheerliggaamslid. Mnr Treurnicht was sedert 2012 deel van die Beheerliggaam. Hy sien nie sy weg oop om te dien op die Beheerliggaam saam met die nuwe uitdagings wat sy uitbreidings op die plaas aan hom stel nie. Mnr Treurnicht, 'n in-murg-en-been oud skolier, het uitstaande diens aan die skool en sy gemeenskap gelewer waarvoor ons hom baie dank verskuldig is. Ons groet ook vir Ds Mariëtte Franz as Beheerliggaamslid, haar laaste kind het in 2018 matriek geskryf. Ds Franz verlaat ons dorp, ons beste wense vergesel haar en haar gesin.

Nuwe ampsdraers vir 2019:

Voorsitter:	Mnr Chris Immelman
Onder-voorsitter:	Mnr Mac Hendrik Jordaan
Tesourier:	Mnr Ludwig Behm
Sekretaris:	Mnr Awie Kriel

Geluk aan mnr Immelman en mnr Jordaan en sterkte met die groot taak wat nou op hul skouers rus. Mnre Behm en Kriel is herkies in hul ampte. Dankie vir u onbaatsugtige diens.
Ons verwelkom graag mev Wanda Kellerman, mev Zelda Herbst en mnr Jean Kotzé as nuwe gekoöpteerde lede op die Beheerliggaam. 'n Tussenverkiesing sal in die nabye toekoms gehou word.

WESKUS-SUID O/11 KRIEKET SPAN 2019

Baie geluk aan die volgende spelers wat gekies is vir die Weskus-Suid O/11 span vir 2019.

Naam	Van	Skool
Franco	Rust	Dirkie Uys
Clyde	Daars	Steynville
Jaydwin	Le Fleur	Steynville
Tyrique	Booysen	Steynville
Wazhir	van Wyk	Dirkie Uys
Rossouw	van Heerden	Dirkie Uys
Dihan	Pieterse	Topolino
Alec	Barends	Topolino
Liam	Knee	Topolino
Lulo	Seroto	CPM
Iaan	Snyders	CPM
Joseph Barry	Durr	Swartland
Heinrich	Redelinghuys	Porterville

AKADEMIESE EREKLEURE

Akademiese Erekleure word toegeken aan huidige Graad 11 en Graad 12 leerders VIR HULLE AKADEMIESE PRESTASIE IN onderskeidelik GRAAD 10 (2018), EN GRAAD 11 (2018), op grond van uitslae in Maart, Junie, September en November 2018.

Die vereistes is as volg: 75% gemiddeld. Leerders ontvang 'n balkie geskenk deur Hoërskool Porterville. Die volgende leerders het erekleure ontvang:

Graad 11

Andrea Bester	87.10%
Petro Janse van Rensburg	86.95%
Rohan Knoetzen	86.85%
Mariechen van Baalen	86.33%
Anlu Behm	85.15%
Antoinette Burger	84.58%
Lana Swanepoel	80.43%
Jacques Marais	77.35%
Christiaan Burger	76.73%
Cassidy Visser	76.30%

Graad 10

Lize Immelman	89.05%
Tacara du Bois	88.48%
Estelle du Toit	85.85%
Liné Snyman	83.65%
Ruan Briers	79.35%
Suzaan Loubser	77.48%
Marshall Gouws	75.43%